NUUSBRIEF 8 VAN 2026 *5 MAART 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD


## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### Groete aan al die Rynie huisgesinne!

Welkom in Maart 2026 wat ook die aanbreek van die Herfs-seisoen is! Elke seisoen het sy eie bekoring en ons hoop die Rynies geniet Herfs 2026. Ons is dankbaar vir die laat reën wat die afgelope ruk val maar besef ook dat die temperature gaan begin daal oor die volgende paar maande.






Ons land het egter nog steeds van die beste weer in die wêreld wat Suid -Afrika gesog maak vir buitelandse besoekers. Kom ons geniet ook hierdie nuwe seisoen in ons lewens en maak die beste daarvan!




Ons tel weekliks hope verlore klere op. Ons doen weereens 'n beroep op ouers om klere te merk wat ons baie help om dit aan die regte eienaars terug te besorg. Ons besef die kostes van skoolklere is hoog en probeer altyd ons bes om die eienaars te vind. Indien dit egter nie gemerk is nie, is dit vir ons baie moeilik om die eienaars te vind. Help ons asseblief in die verband. Alle verlore klere waarvan ons nie die eienaar kry nie word in die verlore klere houer geplaas by die Gr 6+7 dogters badkamers.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## INNIGE MEEGEVOEL:




Met groot hartseer neem ons afskeid van Babsie Pienaar, ’n ware ikoon in ons skool se geskiedenis. Vir jare het sy ons trompoppies met passie, dissipline en liefde afgerig en hulle met trots gelei tot op SA-vlak. Haar toewyding en geloof in elke dogter het ’n blywende verskil gemaak – nie net op die veld nie, maar ook in hul lewens.
Babsie, jy sal altyd deel wees van Rynies se geskiedenis en in ons harte voortleef. Ons innige meegevoel aan al haar familie en vriende in hierdie moeilike tyd. Mag julle troos vind in die kosbare herinneringe wat sy agterlaat.

## RYNIES GEE OM:





# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## CHEERLEADING:

Saterdag neem ons cheerleaders aan hulle 1ste kompetisie deel.
Ons wens hulle alle sterkte toe!








# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKARRE:

**F1 Quiz Koors by Rynies!**

Die enjins brul en die breinkrag is op volle spoed! 🚥


Na hierdie week se opwindende F1 Onderwysersuitdaging-quiz loop die Graad 5-onderwysers tans voor op die puntelys! 🏆

Met vinnige denke, spanwerk en hope algemene kennis het hulle gewys dat hulle nie net in die klaskamer presteer nie, maar ook op die "renbaan" van kennis!

Baie geluk aan Graad 5 – die ander grade sal moet ratte wissel as hulle wil inhaal! 😄

Ons sien uit na volgende week se rondte… wie gaan die wenstreep eerste oorsteek? 🏁

**Onthou om jou borgvorm vol te kry of op die Karri toep jou kaskar-bydrae te maak**






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD











NUUSBRIEF 8 VAN 2026 *5 MAART 2026*

# RYNIENUUS



## LAERSKOOL RYNFIELD

## SPANREDENAARS:



Die individuele redenaarsoefening eindig 10 Maart. Spanredenaars kan my dus kontak vir tydgleuwe vir oefening. Die spanne MOET reeds kaartjies hê as hulle kom oefen. Alle oefeninge is gratis. Ons sal Engelse Toesprake na die skoolvakansie begin oefen, leer solank al die woorde! *Groete, Juf. Barbara*

## REDENAARS:

Ons 2026 Afrikaans Interne Redenaars is volstoom aan die gang. Ons TOP 6 redenaars van elke graad word deur die skool ingeskryf vir Interskole. Graad 1,2,4 en 5 is reg om volgende week die verhoog aan te pak, alle deelnemers het reeds briewe ontvang. Indien u kind nie 'n brief oor die deelname ontvang het nie, en u het die toespraak gestuur vir goedkeuring, moet u asb. vir Juf. Coffey kontak.

- *9 Maart neem die Gr. 4's in die personeelkamer deel en die Gr. 5's in die saal.*
- *11 Maart neem die Gr. 1's in die saal deel en die Gr. 2's in die personeelkamer.*
- *Die graad 6 en 7's het Maandag reeds deelgeneem en ons is so trots op ons sprekers.*



### GRAAD 6:

**1ste Carli du Plessis**
**2de Carlien Scheepers**
**3de Julienne Raysdorff**

NUUSBRIEF 8 VAN 2026 5 MAART 2026

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## GRAAD 7:

**1ste Leanay Nel**

**2de Tanya Nell**

**3de Rochelle Gouvea**



## GRAAD 3:



Ons graad 3 maats het die ore behoorlik aan die brand gepraat Woensdagmiddag.

**1ste Kensi Engelbrecht**

**2de Kayden Roets**

**3de Declan van Wyk**

## PUBLIC SPEAKING:

Alle Engelse toesprake moet asb. by Juf. Coffey ingehandig word vir goedkeuring. Afsnydatum vir inhandiging is die 20ste Maart. Ongelukkig sal geen laat toesprake aanvaar word nie.

Let wel: daar is ‘n probleem met ons kultuur epos. Ons vra groot onverskoning. Stuur gerus enige navrae oor kultuur aan gmcoffey1@outlook.com.

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

**TOETSE (Gr. 4 – 7):** Die toetsreeks is afgehandel, dus sal daar nie meer ekstra studieklasse wees nie. In sommige klasse en vakke mag daar dalk steeds klastoetse wees, leerders moet huiswerkklasse ook aanwend om vir hierdie toetse voor te berei.

**ETES:** Leerders wat a.g.v. sport of enige ander buitemuurse aktiwiteite nie direk ná skool kan eet nie, moet asseblief seker maak Tannie Annie/Tannie Melané is bewus daarvan dat hulle later kan eet, sodat etes vir hierdie leerders uitgehou word.



## SPYSKAART: NASKOOL

| DAG | ETE | 15:30 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 9 Maart | Macaroni & Kaas | Vrug & Sap |
| Dinsdag, 10 Maart | BBQ hoendervlerkies met aartappel- en wortelslaai | Vrug & Sap |
| Woensdag, 11 Maart | Kouevleis rolletjies | Vrug & Sap |
| Donderdag, 12 Maart | Soet/Suur vark met rys, beetslaai & kool | Vrug & Sap |
| Vrydag, 13 Maart | “2min Noodles” | Vrug & Sap |

# SNOEPIE

LAERSKOOL RYNFIELD

## SPYSKAART: SNOEPIE

| DAG | ETE |
|---|---|
| Maandag, 9 Maart | “Wraps” |
| Dinsdag, 10 Maart | “Fully loaded slap chips” |
| Woensdag, 11 Maart | T/s Kaas en Ham |
| Donderdag, 12 Maart | “Bunny chow” |
| Vrydag, 13 Maart | **COMBO**: Footlong, chips & coke @ R50 |



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

